VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 13 - Uitgawe 31
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

2 Oktober 2015

Ons staan aan die begin van die mooiste, mooiste maand... 'n maand wat tradisioneel in die Vrystaat en spesifiek in Bloemfontein, as die rosemaand bekend staan – rose is regtig die kroon van God se blomtuin!

Geniet die kort vakansie, die volgende uitgawe van Vrypos verskyn weer op 15 Oktober 2015.

1. ALGEMENE SINODE 4 – 9 OKTOBER 2015:

VOLG DIE ALGEMENE SINODE SÓ: Mense wat gebeure by die komende algemene sinode wil volg, sal 'n verskeidenheid kanale hê waardeur hulle die nuus kan kry. Op ***Twitter*** kan mense onmiddelik kort nuusbrokkies kry deur "**@NGKerk**" te volg. Op ***Facebook*** sal daar ook by **www.facebook.com/NGKerk** deurentyd 'n vloei van inligting wees, onder meer met die woordelikse besluite van sake wat van redelike openbare belang is.

Kerkbode* se Sinodebodespan** sal deurentyd berigte en foto's plaas op die **webwerf**, **sinodebode.bybelmedia.org.za** -- ook hier sal die belangrikste besluite woordeliks te kry wees. ***Belangstellendes kan ook daar gratis inteken op 'n daaglikse nuusbrief wat elke oggend per e-pos sal uitgaan met die dag se nuus.

Intussen word daar ook gewerk aan 'n ***app*** waardeur mense met **slimfone** hierdie nuus sal kan volg. Die naam van die *app* is "**NG Kerk sinode 2015**" en dit behoort binnekort in die aanlynwinkels beskikbaar te wees.

Mag elkeen wat hierdie belangrike vergadering bywoon, regtig stil word om God se stem te hoor, luister na Hom, want dalk wil Hy vir jou iets sê… Mag elke afgevaardigde, waarnemer en ander betrokkenes, sy ware vrede ervaar – reis ook veilig asseblief!

2. NG KERK VRYSTAAT JUBELJAAR FOTOKOMPETISIE:

Foto's wat vir hierdie kompetisie ingeskryf is, word **vanaf Vrydag 25 September tot Saterdag 17 Oktober 2015 by *Gallery on Leviseur*, Dan Pienaar, Bloemfontein uitgestal.** Belangstellendes word genooi om gerus hierdie besondere uitstalling te gaan besigtig.

Opening van die foto-uitstalling by Gallery on Leviseur op Vrydag 25 September 2015 – Jan Smit was die gasspreker (heel links)

3. KERSMARK – LANGENHOVENPARK GEMEENTE:

Voornemende uitstallers moet asseblief hiervan kennis neem! Hierdie gemeente bied **op 20 en 21 November 2015** 'n **Kersmark aan** in hul Gemeentesentrum (oorkant die kerkgebou). Daar is 'n beperkte aantal stalletjies beskikbaar teen R300 per stalletjie vir die twee dae. Slegs handgemaakte Kersgeskenke kan verkoop word - geen

stalletjies met voedsel sal toegelaat word nie, aangesien daar 'n teetuin gaan wees. Aansoekvorms is by die kerkkantoor beskikbaar - skakel 051 446 2225 (weeksdae 08:00 – 14:00), of stuur 'n e-pos na **ngklhp@mweb.co.za**. **Aansoeke moet dié kantoor nie later as Vrydag 6 November bereik.**

4. WERKSWINKELS & KURSUS:

SHEPHERD VBO-WERKSWINKELS: Klik **hier** vir meer inligting oor werkswinkels van gedurende Oktober en November 2015 aangebied word.

KURSUS VIR LIDMAATBEMAGTIGING: Hierdie kursus deur Arbinger: *Core at Work – We Change Mindset*, word by die **NG Gemeenste Senekal** aangebied op die volgende dae, **13 & 14 November**, *of* **20 & 21 November**, *of* **27 & 28 November 2015 vanaf 08:00 tot 17:00** (daagliks). Koste is R1500pp (sluit in aanbieding, kursusmateriaal en etes), verblyf uitgesluit. **Daar is slegs 20 plekke per kursus beskikbaar, u bespreekte plek word verseker sodra die volle bedrag inbetaal is**.

Betalingsbesonderhede:
Rekeningnaam: NG Kerk Senekal
Bank: ABSA
Rek nr: 124 014 5010 (lopende)
Takkode: 632 005
Verwysing: Datum van kursus wat u gaan bywoon
Stuur bewys van betaling saam met u naam, u gemeentenaam, sowel as volledige kontakbesonderhede aan ds Theo Oosthuyzen by **theo.explode@gmail.com** – u sal 'n e-pos ter bevestiging ontvang (navrae 082 388 5002).

Klik **hier** vir 'n dokument wat meer inligting oor hierdie kursus bied (*Annexure A and B*), of gaan klik op die volgende *video-clip* wat by 'n vorige konferensie opgeneem is,
https://www.youtube.com/watch?v=YyhOT3jCcR4

5. KOUGOMKAMP 2016:

Kan julle glo dit is alweer tyd om hierdie gewilde kamp vir eerstejaars wat in 2016 by 'n tersiêre instansie in Bloemfontein wil studeer, te adverteer! Dié kamp word deur die **NG Studentegemeente Bloemfontein aangebied en dit sal vanaf 10 – 14 Januarie 2016 plaasvind**. Klik **hier** vir 'n volledige inligtingsboekie wat ook die registrasie/vrywaringsvorm, lys van items wat jy moet saambring, ensovoorts, bevat.

Die reëlingskomitee van Kougom Eerstejaarskamp 2016 beloof 100% samewerking van hulle kant om hierdie 'n onvergeetlike ervaring vir elke eerstejaar te maak! **Skryf sommer nou in!**

Gemeentes, bring asseblief hierdie inligting onder julle matrikulante se aandag!

6. NUUSBRIEWE:

TORINGS VAN HOOP: Klik **hier** vir hul jongste nuusbrief – hulle wil hiermee ook al hul ondersteuners bedank vir elke gebed, asook donasies van kos, klere en ook op finansiële gebied, dit word ongelooflik baie waardeer! Deur 'n vennoot te wees, stel dit hulle in staat om met hul ongelooflike werk voort te gaan…

BYBEL-MEDIA 17/2015: Hierdie week is die fokus op die jongste *Kerkbode*, 'n aktuele Bybelkor-publikasie en twee Jeugprodukte – klik **hier** om te lees.

AURORA SENTRUM – 'N SPESIALE UITGAWE: Hierin kan julle foto's sien van hulle *Live Free Fun Walk* wat verlede week plaasgevind het – 'n groot dankie aan al die betrokkenes by hierdie geleentheid! – klik **hier**.

7. BEROEPENUUS:

Ds Jackie van Zyl van die **NG Gemeente Bothaville** het 'n beroep na die **NG Gemeente Leeudoringstad** (Sinode Wes-Transvaal) aanvaar. Sy lewer haar **afskeidspreek op Sondag 25 Oktober 2015** en word op 1 November 2015 in NG Leeudoringstad bevestig. *Ons beste wense vergesel vir ds Jackie, geniet die nuwe omgewing en seën met jou bediening dáár.*

Ds George Hugo van die NG Gemeente Memel ontvang vroeë emiritaat vanaf 1 November 2015. *Mag u elke dag die liefde en genade van God ervaar in hierdie nuwe fase van u lewe.*

8. VAKATURES:

- **Kyk by Herhalings, pt 9 vir ander vakante poste.**
- Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

9. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende twee weke, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

2 Oktober:
Ds John Jackson - FRANKFORT - 058 813 1212, 082 362 5084, **johnjack@telkomsa.net**

3 Oktober:
Ds Jannie Smith - DE BLOEM - 051 433 3387, 083 282 8214, **jsmith@debloem.org.za**

4 Oktober:
Ds Franz Gottschalk - VANSTADENSRUS - 051 584 1133, 072 311 7170, **gottschalk@webmail.co.za**

9 Oktober:
Ds Jan Els - BOTHAVILLE-NOORD - 056 515 2247, 083 329 1007, **janels@telkomsa.net**
Ds Willem Burger - SASOLBURG-FAKKEL - 016 976 1231 - **herlewing@live.com**
Ds Pieter Prinsloo - KROONSTAD-WES - 056 212 6128, 083 302 2903, **pjgprinsloo@telkomsa.net**

12 Oktober:
Ds Sakkie van den Bergh - CLARENS - 058 256 1007, 072 606 0213, **sakkievandenbergh@telkomsa.net**

14 Oktober:
Ds Frikkie van Heerden - ST HELENA - 057 352 4796, 079 898 2101, **dsfvh@vodamail.co.za**

11. TEN SLOTTE: *Onthou dit!*

Groetnis tot 'n volgende keer.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP *VRYPOS* WIL **INTEKEN**, KLIK hier **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U *VRYPOS* WIL **KANSELLEER**, KLIK hier **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

SHEPHERD VBO-WERKSWINKELS:

MENSE (ONS/EK) EN WAAR PAS EK (ONS/MENSE) IN, IN GOD SE STORIE?:

Aanbieder: Ds Gys van Schoor is predikant by Durbanville Moedergemeente. Hy is die inisiatief agter Die Sentrum vir Geloofsvorming wat landswyd die geloofsvormingsreis vir predikante begelei. Hy's ook die skrywer van die reeks wat gemeentes help op die pad van Geloofsvorming.

Datum: 19 - 20 Oktober 2015

Tye: Maandag 09:00 - 17:00 (middagete ingesluit); Dinsdag 09:00 - 13:00

Plek: UV, Teologie Gebou, K21 – Bloemfontein

VBO-punte: 20

Koste: R900.00

Registreer: SMS D25150, naam en e-posadres na 31029

GEBOU OM TE HOU: BLOK 2 EMOSIONELE INTELLIGENSIE (EI) VIR EFFEKTIEWE BEDIENINGSGROEI/ONTWIKKELING: Die werkswinkels is oop vir alle leraars, eggenotes, gemeenteleiers, sielkundiges, maatskaplike werkers en belangstellendes!

Aanbieders: Drs Annette Prins & Annette Weyers

Datum: 2 - 4 November 2015

Tye: Dag 1: 13:00 - 16:00, **Dag 2:** 08:30 - 16:00, **Dag 3:** 08:30 - 13:00

Plek: Teologiese Fakulteit, Kamer 120, UV - Bloemfontein

VBO-Punte: 20 per blok

Koste: R1 400.00

Registrasieproses: SMS D25150, naam en e-posadres na 31029. Vroeë registrasies ontvang 10% afslag indien u 'n maand vooruit betaal. **LW:** Aanbieding onderhewig aan getalle.

ROEPING GEROEP VIR BEDIENING – EN HOE DIE BEDIENING VANDAG BEHOORT TE LYK (Module 5, net soos Module 4, is oop vir almal wat belangstel):

Datum: 16 - 17 November 2015

Tye: Maandag en Dinsdag 09:00 – 16:00

Aanbieder: Dr Gerhard Botha

Plek: UV, Teologie Gebou, K21 – Bloemfontein

VBO-punte: 20

TERUG NA INHOUD

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 17/2015:

KERKBODE

Gays: die verskille loop diep

AGENDA

KERKBODE NUUS: Die Kerkbode van 2 Oktober 2015 vertel hoe vreemdelinge van reg oor die Wêreld op Stellenbosch 'n geestelike tuiste kry.

Lees ook van die reis waarop die Here die NG Gemeente Randfontein-Noord geneem het nadat hulle tussen plakkers gaan "plons" het.

Prof Kobus Kok vertel waarom hy sy pos as Nuwe Testamentikus by Tukkies verruil het vir 'n pos in Leuven, België.

Die voorbladberig vertel waar die NG Kerk, op die vooraand van die Algemene Sinode, hom bevind in die gesprek oor homoseksualiteit.

KRAAKVARS BYBELKOR-PUBLIKASIES:

Skokkend Positief - Malan Nel en Zander van der Westhuizen *(Insigte vanuit nuwe navorsing oor aktiewe Afrikaanse kerkjeug)*

Hierdie boek is gegrond op die data van 'n multikerklike navorsingsprojek oor hoe jongmense (ouderdom 16-35) oor die kerk voel. Die navorsingsvrae het veral gefokus op profiele (wie is jy?) en persepsie (wat dink jy?). 'n Boek wat aan kerkleiers riglyne gee vir die kerk se toekomstige jeugbediening. Dié publikasie word by die Algemene Sinode (4 – 9 Oktober) vrygestel en bespreek.

Gewone prys: **R160.00** (BTW en posgeld ingesluit) - Spesiale prys: R130.00 geldig tot en met 30 Oktober.

Gebruik ook BM se spesiale diens! Vanaf 5 Oktober kan alle lesers die eerste twee hoofstukke van dié aktuele publikasie gratis aanlyn lees by www.lees.bybelmedia.org.za. Dié deel is eintlik die voorgereg wat jou só sal inspireer en motiveer om dadelik die publikasie te bestel.

E-Media-produkte:

Vuur&Vlam *Jeugbediening-videogrepe:* Hierdie is 'n versameling van 17 videogrepe oor verskillende aspekte van jeugbediening. Dit sluit in onderhoude met kenners, jongmense en vrywilligers. Hulle deel hulle ervaring van en wysheid oor die jeugbediening ten opsigte van kampe, uitreike, pastoraat, selfoon-fotografie, ervaringsleer en so meer. Vuur&vlam bied talle gespreksafskoppers wat ideaal sal wees vir mense wat nuwe inisiatiewe in die jeugbediening van hulle gemeente wil vestig of nuwe dinge wil begin doen. Die videogrepe (ongeveer 4 tot 7 minute lank) kan gebruik word vir jeuggroepe, beplanningspanne en kategesegroepe. Prys: **R150.00** (BTW en posgeld ingesluit).

#imagine 2015 Lof en aanbidding / Praise and worship:

In April 2015 het 8000 jongmense by drie #imagine-feeste (in Pretoria, Bredasdorp en Jeffreysbaai) bymekaargekom. Een van die hoogtepunte van elke fees was die lof en aanbidding. 'n Paar weke na die feeste het die beste muso's van elk van die drie *bands* saam met 500 #imagineers by die Barnyard, Willowbridge, saamgetrek om die gewildste liedere wat tydens die fees gesing is, op te neem.

Mag hierdie album die eerste klankbaan van hierdie beweging wees! Prys: **R100.00** (BTW en posgeld ingesluit)

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. VAKATURES:

- **KINDERVERSORGER - ENGO KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM, WINBURG:** Hierdie voltydse pos vir 'n kinderversorger is tans beskikbaar, die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die versorging van 15 seuns (ouderdom 0 – 18 jaar). Klik hier vir meer inligting – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 9 Oktober 2015** met indiensneming vanaf 1 November 2015.

- **ONTVANGSDAME & SKRIBA:** Die **NG Gemeente Heuwelsig, Bloemfontein** adverteer tans hierdie twee halfdagposte (Maandae - Vrydae 08:00 – 13:00). Die salarisskale is vanaf R5000 tot R8000 (onderhandelbaar) en datum van diensaanvaarding is 4 Januarie 2016. Applikante moet oor die nodige rekenaar-, administrasie- en kantoorbestuursvaardighede beskik. Die aanstellingskommittee sal voorkeur verleen aan lidmate van die NG Kerk en persone met kerkkantoorondervinding. Stuur 'n volledige CV met dekblad waarin aangedui word vir welke pos aansoek gedoen word, saam met 'n kort biografie van die applikant aan admin@ngkerkheuwelsig.co.za - **sluitingsdatum vir aansoeke is**

TERUG NA INHOUD

KINDERVERSORGER:

ENGO Child & Youth Care Centre, Winburg has a vacancy for a full-time child care worker. The successful candidate will be responsible for taking care of 15 boys from 0 – 18 years.

REQUIREMENTS:

- **GR 12**
- Valid **driver's license** a MUST
- Ability to speak **English**, **Afrikaans & Sesotho**
- Willingness to undergo **training**
- Must love **children**
- The ability to be firm and maintain **discipline**

BENEFITS:

- Salary negotiable
- 13th Cheque
- Pension fund
- Ample leave
- Free board & lodging

CLOSING DATE: Friday 9 October 2015
AVAILABLE: 1 November 2015
FAX CV'S TO: 057 352 9782 ***OR***
E-MAIL TO: christa@vironskinders.org.za

TERUG NA INHOUD